



Werk en Wen

Naskoolsentrum

Posbus 1980

Brits

0250

Me. Tertia Mc Carthy 082 495 7512

**INLIGTING EN VOORWAARDES VIR DIE OPNAME VAN LEERLINGE:**
**PERSONEEL:**

Die Naskoolsentrum funksioneer onderleiding van Me. Tertia Mc Carthy as hoof en word bygestaan deur drie onderwyseresse. Daar is ook aflos onderwysers wat diens sal doen indien een van die bogenoemde personeel 'n betrokke dag nie by die skool kan wees nie.

**ROETINE:**

- Sodra die skool uitkom, kan die leerders gou gewone klere aantrek. Daarna tree hulle op die trap voor die saal aan vir middagete.
- So om en by 14:15 gaan ons na ons verskeie klasse om met huiswerk te begin.
- Sodra kinders klaar is met huiswerk gaan speel hul op die netbalvelde. Hul word deur 'n juffrou vergesel.
- Vrydae speel ons op die rugbyveld.

**KLASSE EN HUISWERK**:

Die leerlinge word in 3 groepe verdeel. Elke groep het sy eie klas waarin die huiswerk gedoen word. Die indeling van die klasse sal afhang van die getal leerlinge in elke graad.

**Die leerlinge se huiswerk word in die klasse gedoen, maar dit gebeur soms dat leerlinge nie altyd klaar kry met hul huiswerk a.g.v. buitemuurse aktiwiteite. Daarom bly dit nog steeds die ouers se verantwoordelikheid om te kontroleer of al die huiswerk voltooi is.**

'n Huiswerkboek of dagboek is 'n vereiste. Gr. 4 – 7 moet asb 'n Naskoolboek hê waarin ons vir die toetse sal leer.

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE**:

Daar sal toegesien word dat die leerlinge hul verskeie aktiwiteite bywoon. Die personeel moet egter in kennis gestel word indien u kind aan aktiwiteite soos swem, dans, gimnastiek ens. deelneem wat nie op die skoolgronde plaasvind nie. U moet ook vir ons aandui wie u kind gaan kom oplaai/aflaai asook die tye.

**TYE:**

- Naskooltye is van 14:00 tot 17:30 Maandag tot Vrydag. Ouers moet asb. Stiptelik by die tye hou, aangesien daar 'n **boete** gehef gaan word. Indien u 'n probleem het om u kind betyds af te haal moet u asb die naskoolpersoneel nie later as 17:00 in kennis stel nie.
- **Die diens sal slegs van toepassing wees op amptelike skooldae, nie op openbare en skoolvakansiedae nie, ook nie op langnaweke en gedurende skoolvakansies nie.**

**FOOIE 2025**

- **1 Kind – R 1 000 2 Kinders – R 1 900 3 Kinders – R 2 700**
  **Dagfooie – R 100 per dag/per kind.**
- **Naskoolfooie is vooruitbetaalbaar dus moet elke maand se fooie voor of op die 7de van elke maand betaal word.** Geen laat betalings sal aanvaar word nie! Indien u sou versuim om die Naskoolgelde te vereffen sal u kind nie meer van die naskool se dienste gebruik kan maak nie.

- Naskoolfooie is betaalbaar oor 11 maande. Vir Desember betaal u net dagfooie indien u kind die paar dae die naskool gaan bywoon. Indien u kind die naskool gaan verlaat moet ek 'n maand voor die tyd in kennis gestel word, anders gaan u verantwoordelik gehou word vir die fooi.

**WYSE VAN BETALING:**

Betalings kan kontant, per tjek of deur die internet betaal word.

- Internetbetalings:
  T A Mc Carthy
  ABSA BANK
  Tjekrekeningnommer: 406 394 7568
  Takkode: 334 146
  Verwysing: Kind naam en van
- Kontantbedrae kan voor by die Finansieskantoor ingegee word by Me. Magda Claassens. Skryf net op die koevert u kind se naam en van, bedrag en dat dit Naskoolfooie is.

**TOESTEMMINGSBRIEFIES:**

Indien u kind na 'n partytjie gaan of by 'n ander maatjie gaan speel, moet ons skriftelik of telefonies in kennis gestel word.

**INSKRYWINGSVORMS:**

- Inskrywingsvorms moet volledig voltooi word.
- **Leerlinge mag slegs die Naskool bywoon indien:**
  1. **Die fooie vooruitbetaal is.**
  2. **'n Aansoekvorm voltooi is.**

**STRAFBOEK:**

Die Naskool het 'n strafboek waarin die leerling se naam opgeteken word indien hy/sy, hom/haar skuldig maak aan swak gedrag of nie by die Naskoolreëls hou nie. Indien die leerling se naam 3 keer in die Strafboek verskyn, sal die ouer in kennis gestel word om my te kom sien. Indien die leerling se gedrag nie verbeter nie, sal die leerder ongelukkig nie meer die Naskool kan bywoon nie.

**ALGEMEEN:**

As u ou tydskrifte by die huis het wat u vir ons kan stuur, sal ons dit baie waardeer, aangesien die leerlinge gereeld daarvan gebruik maak. Skenkings vir die noodhulptas soos bv. Pleisters, Panado ens. is ook baie welkom.

Indien u enige vrae of klagtes het aangaande die Naskool, moet u my skakel by 082 495 7512 en nie die skool nie, aangesien ons 'n privaat instansie is.

Vriendelike Groete.

________________

TERTIA Mc CARTHY

---

**SKEURSTROKIE – WERK EN WEN NASKOOLSENTRUM – ME TERTIA Mc CARTHY**

Ek __________________________ ouer van __________________________ is deeglik bewus van die inligting op die skrywe.

Ek onderneem om die Naskoolfooie voor of op die **7de** van elke maand te vereffen.

________________ ________________

HANDTEKENING KONTAKNOMMER



Werk en Wen

Naskoolsentrum

Posbus 1980

Brits

0250

Me. Tertia Mc Carthy 082 495 7512

## AANSOEK OM TOELATING TOT DIE NASKOOLSENTRUM

1. Van en volle naam van leerling: ____________________
2. Geboortedatum: ____________________ Gr ___/___
3. Woonadres: ____________________
4. Gesondheidsprobleme: ____________________
5. Gedragsprobleme: ____________________
6. Aktiwiteite wat leerling gedurende Naskool mag aan deelneem:
   - Op die terrein ____________________
   - Buite die skoolterrein ____________________
7. Naam en van: Vader/Voog: ____________________

   Beroep: ____________________ Tel nr (h) ____________________

   Werksadres: ____________________ Tel nr (w) ____________________
8. Naam en van: Moeder/Voog: ____________________

   Beroep: ____________________ Tel nr (h) ____________________

   Werksadres: ____________________ Tel nr (w) ____________________
9. Enige ander belangrike inligting: ____________________
10. Persoon wat u kind van die Naskoolsentrum mag vervoer:

    Naam: ____________________ Kontaknommer: ____________________

    Adres: ____________________
11. Kontakpersoon in geval van nood (nie ouers nie): ____________________

    Kontaknommer: ____________________

Ek/ons, ouers/voog van ____________________ is deeglik bewus van die inhoud van die Naskoolsentrum se skrywe. Ek/ons onderneem om daarby te hou. Alle nodige voorsorg teen beserings of ongelukke word getref deur die personeel. Ek/ons onderneem om geen eis om skadevergoeding teen die Naskoolsentrum of personeel in te stel, indien my kind/ers beseer of siek word nie.

____________________

**HANDTEKENING VAN OUER/VOOG**

____________________

**DATUM**




Werk en Wen

Naskoolsentrum

Posbus 1980

Brits

0250

Me. Tertia Mc Carthy 082 495 7512

**MEDIESE BEHANDELING**

Besonderhede van kind:

Van: ______________________________ Naam: ______________________________

Ouderdom: ______________

Besonderhede van ouers/voog

Van: ______________________________ Voorletters: ______________________

Adres: ____________________________________________________________

Besonderhede van persoon verantwoordelik vir mediese rekening:

Van: ______________________________ Voorletters: ______________________

Tel nr (h:) ___________________________ Tel nr (w): ______________________

Sel nr: ____________________

Mediesefonds naam: _________________________

Mediesefonds nommer: _______________________

In geval van siekte of 'n ongeluk waar doktersbehandeling volgens die oordeel van die verantwoordelike persoon vir my kind/ers nodig is en waar ek nie betyds verwittig kan word nie, verlang ek dat die volgende dokter ingeroep word:

Huisdokter: _______________________ Tel nr: _________________________

Indien baie dringende gevalle van siekte of 'n ongeluk waar ek nie betyds geraadpleeg kan word nie, stem ek toe dat:

1. Die hoof of sy/haar plaasvervanger die nodige stappe kan doen om die bekombare geneesheer in te roep of die kind na die plaaslike hospitaal te Vervoer vir behandeling.
2. Ek vir die koste verantwoordelik sal wees.

____________ ____________

HANDTEKENING DATUM




Werk en Wen

Naskoolsentrum

Posbus 1980

Brits

0250

Me. Tertia Mc Carthy 082 495 7512

**VRYWARING**

Ek, die ondergetekende (volle naam en van) ______________________________________________

ID. nr ______________________________ 'n meerjarige persoon en wettige ouer/voog van ______________________________ Gr ____/____

'n leerling te Werk en Wen Naskoolsentrum te Laerskool Olienpark erken en verklaar namens myself, my eksekuteure, gevolmagtigdes, erfgename en alle afhanklikes, dat

______________________________ (leerling naam en van) OP MY EN MY AFHANKLIKES SE EIE RISIKO deur die Naskoolsentrum versorg word. Verder geld die uitsluitlike voorwaarde dat die Naskoolsentrum of enige werknemer van die Naskoolsentrum aanspreeklik gehou sal word vir enige skade wat spruit uit enige verlies van lewe, liggaamlike beserings of beskadiging en/of verlies van besittings wat tydens die toesig deur die Naskool van, of as nagevolg van sodanige toesig

______________________________ (leerling naam en van) deur die persoon self opgedoen word nie.

NAMENS MYSELF, MY EKSEKUTEURE, GEVOLGMAGDIGDES, ERFGENAME EN ALLE AFHANKLIKES word die Naskoolsentrum te Laerskool Olienpark, of enige werknemer van die Naskool gevrywaar, kwytgeskeld en nie verantwoordelik verklaar van enige skade hoegenaamd en enige regs en/of ander onkostes wat spruit uit die toesig deur die Naskoolsentrum te Laerskool Olienpark van ______________________________(leerder se naam en van).

Ek, die ondergetekende (naam van ouer) ______________________________

Verklaar verder hierby, ten behoewe van myself die vrywaring en vryspreking van Naskoolsentrum te Laerskool Olienpark, of enige persoon in diens van die Naskoolsentrum teen enige skadevergoeding (uitsluitend skadevergoeding te wyte aan growwe nalatigheid) wat ook al en enige regskoste wat sou voortspruit uit die toesig van ______________________________ (leerder se naam) aan die genoemde toesig welke skadevergoeding, uitgawes of onkoste deur enige persoon wat ook al geëis word.

Hierdie vrywaring sal op ____________________ (dag, maand, jaar) in werking tree en sal op ____________________(dag, maand, jaar) beëindig word en/of verstryk.

Geteken te ____________ (plek) op die _____ dag van ____________20___ in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies.

______________________ 1) ____________

HANDTEKENING OUER/VOOG GETUIE

______________________ 2) ____________

HANDTEKENING OUER/VOOG GETUIE